


Figuur 4 : Bestaande onderverdelingspatroon

Daar is drie duidelike sones in die gebied met 'n vierde wat net buite die gebied geleë is op die Munisipale meentgronde -

4.6.1 Noordelike deel tussen die Blaauwkliprivier en Webersvalleipad :

Die landbougebied word intensief aangewend vir die verbouing van veral aarbeie en verskeie groentesoorte. Die grond is baie vrugbaar maar aangesien die grond deurentyd intensief gebruik word, is bemesting nodig, gewoonlik twee maal per jaar, soms drie.

Besproeiingswater word meestal verkry direk vanuit die rivier waar dit gepomp word of vanaf 'n kanaal waar waterregte toegeken is. Die meer tradisionele besproeiingsisteem van pypleiding word algemeen gebruik. Die rivier is standhoudend met syferwater in die droë maande, wat water regdeur die jaar verseker aan die kleinhoewes.

63% van die produkte wat verbou word word verkoop terwyl 37% self verbruik word. Die produkte word grootliks per voertuig na die afsetpunte geneem, meestal Stellenbosch en Kaapstad.

Afgesien van wonings en ander plaasgeboue, is daar ook 'n slaghuis en 'n skrynwerkerswinkel bedrywig in die landbougebied. Die skrynwerkerswinkel funksioneer al vir jare in die gebied as 'n afwykende gebruik in die landbousone. Daar is sowat 10 tot 12 mense in diens op die perseel en die bedryf lewer 'n goeie diens aan Stellenbosch en die boeregemeenskap.